**Sing vooraf**: Psalm 51:6 (p. 261)

6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o Heer, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met: Skrifberyming 9-1:11 (26:11)*

Wet

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

**Gebed**

Ons sing ons dank tot U, o Vader, met lofpsalms waarmee ons U heerlikheid prys en U majesteit loof. Ons sing omdat ons harte in U bly is en omdat ons ons verheug in U genade en U goedheid.

Ons dank U Here, dat U weer 'n rusdag gee waarin ons met U mag omgaan. 'n Dag wat ons kan rus van ons dagtake en waarin ons ons kan verlustig daarin om in die eredienste naby U te wees.

Gee dat ons ook vandag in die stilte van ons eie huise U nabyheid en die warmte van U teenwoordigheid kan aanvoel.

Here, ons bid in die tyd van vloede veral aan die wat almal minder lewensvoorregte as ons ontvang het. Sal U voorsien dat daar vir hulle ook verandering en ontwikkeling beskik kan word, sodat hulle ook deur U genade uit hulle ellendes mag uitgroei.

Ons bid vir ons land en ons regering. Here ons weet dat as ons U nie eer nie, U ons sal straf en uiteindelik verdelg as daar nie verandering kom nie.

Here, wil U nie met U Gees verandering in elke raadsaal bewerk nie? Ons pleit by U dat dit wat by U reg en waar is elke raadsaal en elke besluit mag beheers.

Ons besef Here, dat alleen ware bekering dinge soos moord en korrupsie tot niet sal laat gaan. Net ware bekering kan liefde en omgee en uitreiking na ons naaste bewerk.

Seën ons met die verkondiging van U heilige Woord. Lei ons sodat ons uit die skandes van ons sondes mag uitgroei – sodat U beeld meer en meer in ons gestalte kry.

**Amen.**

Psalm 147:1 (p. 704)

1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

Skriflesing: 1 Samuel 2

Teks: 1 Samuel 2:34

**En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pínehas, sal kom: Op een dag sal hulle altwee sterwe."**
(1 Samuel 2:34 AFR1953)

Watter soort toekoms kan verwag word van 'n kerk (volk?) wie se leiers nie in staat is om reguit en rigtingvas leiding te gee nie?

Kom ons kyk wat die Here alles aan ons openbaar uit sy Woord oor die Israeliete en hulle dinge. Daaruit kan ons dan goed sien wat die Here doen met volke en ook in die besonder met sy kerkvolk.

Tydens die intog was Josua die volksleier. Hy was 'n sterk mens wat duidelike rigting vir sy mense gegee het.

- Na Josua se dood rafel alles uit.
- Die Here openbaar dat daar allerhande gruwelike dinge gebeur.
- Onder andere verswak die Israeliete se geloofslewe en hulle verhouding met God. Hulle het Baäl, Asjera en Astarte – almal seksuele afgode – aanbid.

Die Bybel sê dit was 'n tyd waarin elkeen net gedoen het wat hy wil.

**In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.** (Rigters 17:6 AFR1953)

Telkens het die Here hulle gestraf om hulle terug te bring na die ware aanbidding toe.

- Dan het die Here ook elke keer 'n leier voorsien –
  - Iemand wat sterk kon staan vir die Here se saak.
  - Iemand wat nie sy beginsels verkoop het nie.

Sodra die leier uit die pad was, het die verval weer ingetree en het alles van voor af skeefgeloop.

As ons oor leiers praat, sal ons natuurlik allerhande voorvereistes vir so 'n persoon stel. Kyk na Eli.

- Hy kom uit die regte agtergrond – hy is uit die stam van Levi. Hy is 'n nasaat van Aäron – sy bloedlyn is dus heeltemal reg!
- Ons sien ook dat hy 'n volle 40 jaar lank as leier opgetree het.

Belangrik: ons moet kyk na sy nalatenskap.

- Hoe het hy regeer?
- Wat het van die volk geword onder sy leiding?

Wat ons opval, is dat daar tussen Eli en sy seuns en hulle omgang met die kerk nogal sterk ooreenkomste is met die hedendaagse kerk.

- Die eerste opvallendheid is die beginselloosheid van Eli en sy seuns. Elkeen doen wat goed is in sy eie oë.
- Eli was baie halfhartig wanneer hy sy seuns moes straf. Hy was nie in staat om sterk op te tree en dit wat reg is, op hulle af te dwing nie

- Hy het hulle ook nie gestraf nie. Hy het net altyd mooigepraat met hulle.

Hy het net elke keer gesê: Dit moenie so wees nie, my seuns!

Luister weer hoe laat die Here dit opskryf in 1 Samuel 2:

> **Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms, dan sê hy vir hulle: Waarom doen julle sulke dinge, dat ek van hierdie hele volk julle slegte dinge moet hoor? Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; julle maak dat die volk van die HERE oortree.** (1 Samuel 2:22-24 AFR1953)

Dit is opmerklik dat iemand wat verkeerd doen, weet dat hy verkeerd doen, en ook wat die gevolge daarvan is!

- Eli sê dit duidelik. Daar is geen kans vir misverstand nie.

  **julle maak dat die volk van die Here oortree.**

*Swak leiers veroorsaak dat mense wat nie gewoonlik verkeerde dinge doen nie, dit sal doen in navolging van hulle leiers!*

Ons sien dieselfde dinge gebeur in ons tyd!

- Ons sou onsself kon vra of die Here met sulke optrede tevrede was. Uit dit wat in die Bybel staan, kom ons agter dat hierdie soort van optrede die Here se aggressie opgewek het.
- Daarom laat die Heilige Gees later – toe die stuk geskiedenis neergeskryf is – die Here se beplanning met hierdie manne byskryf:

  **As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die Here sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring.** (1 Samuel 2:25 AFR1953)

Die Here het besluit dat Hy hulle gaan laat doodmaak!

Wat enige Bybelleser tref as hy hierdie geskiedenis lees, is die raakvlakke tussen die destydse geskiedenis en ons geskiedenis.

- 'n Voorbeeld is die ding dat sommige leiers wat in hoë posisies is (soos Eli en sy seuns) dikwels juis dié is wat die swakste voorbeeld stel.
- In die geloofslewe is daar ook leiers wat geen waarde aan die eenheid tussen God se kinders heg nie en dan stel hulle 'n voorbeeld van eiesinnigheid en versplintering.

Is dit iets anders as die handelwyse van Hofni en Pinehas?:

> **Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie.**
> (1 Samuel 2:12 AFR1953)

*As dit nou net die leiers was wat te gronde gegaan het, was dit dalk nie so erg nie – maar die probleem kom daarby dat die wat swak is volg en saam verlore gaan.*

Hierdie sonde – naamlik om mense in sondes te laat val – is vir die Here baie baie ernstig. Luister na 'n paar uitsprake daaroor in die Nuwe Testament:

> **Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.**
> (Romeine 14:21 AFR1953)

**Die kennis is egter nie in almal nie; maar sommige, nog altyd bewus van die afgod, eet dit as 'n afgodsoffer, en hulle gewete, wat swak is, word besoedel.**
(1 Korintiërs 8:7 AFR1953)

**Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie.** (1 Korintiërs 8:9 AFR1953)

**Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus.** (1 Korintiërs 8:12 AFR1953)

In sy lankmoedigheid waarsku die HERE Eli twee maal.

Eers kom daar 'n "man van God" by Eli aan (1 Sam 2:27-36).

- Uit die eerste deel van sy boodskap is dit duidelik dat die Here diep teleurgestel is in Eli se priesterskap.
- Eli en sy seuns kon nie by die waarheid bly nie.
- Die Here is ook bitterlik ontsteld omdat hulle die offers wat Hy ingestel het verag.
- Hy wys hulle daarop dat hulle al die dinge doen net om hulleself te bevoordeel.

  **En daar het 'n man van God by Eli gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Het Ek My nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Egipte in die huis van Farao was nie? En Ek het hom vir My as priester uitgekies uit al die stamme van Israel om op my altaar te klim om die reukwerk aan die brand te steek, om die skouerkleed te dra voor my aangesig; en Ek het aan die huis van jou vader al die vuuroffers van die kinders van Israel gegee. Waarom verag julle my slagoffer en my spysoffer wat Ek in my woning beveel het, en eer jy jou seuns meer as vir My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van my volk Israel?**

Daarna praat die Here verder deur die man van God. Hy kondig sy oordeel oor Eli en sy nasate aan:

**Daarom spreek die HERE, die God van Israel: Ek het wel duidelik gesê:..al wat aangroei uit jou huis, sal op manlike leeftyd sterwe. En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pínehas, sal kom: Op een dag sal hulle altwee sterwe.** (1 Samuel 2:27-36 AFR1953)

Omdat die Here baie geduldig is met ons as ons sonde doen – en omdat Hy altyd liewer wil hê dat iemand tot bekering moet kom – waarsku die Here weer!

- Dié keer deur die gesig van Samuel (1 Samuel 3).
- Eli begelei Samuel nogal in hierdie gesprek met die Here in – hy het dus geweet om aan die Here gehoorsaam te wees en om met die Here saam te lewe!
- Die Here sê vir Samuel:

  **Dié dag sal Ek aan Eli vervul alles wat Ek oor sy huis gespreek het, van begin tot end.** (1 Samuel 3:12 AFR1953)

Eli se reaksie op Samuel se openbaarmaking van die dinge wat die Here daardie nag gesê het, is:

**En Samuel het hom al die woorde meegedeel, en niks vir hom verberg nie. En hy (Eli) het gesê: Hy is die HERE; laat Hom doen wat goed is in sy oë.**
(1 Samuel 3:18 AFR1953

- Bekering bly uit. Die leier kan nie voor sy volk en geloofsgenote uitloop in 'n bekeringslewe in nie.
- Hierdie reaksie skep eerder die indruk van 'n fatalistiese aanvaarding (verkeerde berusting) as van ware bekering.

Wat is die gevolg daarvan?

- Die leiers het binne en buite die kerk voortgegaan met hulle goddeloosheid.

- Daardeur het sowel die geloofswêreld as die sosiale lewe van die mense wat by hierdie leiers betrokke was, deurdrenk geraak van onsuiwerheid.

Die Here het dikwels die manier om sy hand van jou af op te lig as jy in jou sondes volhard.
- Dan vernietig jou sondes jou.
- Presies dit het die Here ook met hierdie stel leiers laat gebeur.

'n Oorlog breek uit. Meteens word dit duidelik dat die leiers niks van ware aanbidding verstaan nie. Dit word duidelik dat hulle verhouding met die Here inderdaad niks anders is nie as afgodediens en beeldediens (in die kerk).

> **Terwyl die manskappe die laer inkom, sê die oudstes van Israel: Waarom het die HERE ons vandag voor die Filistyne verslaan? Laat ons die verbondsark van die HERE uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande.** (1 Samuel 4:3 AFR1953)

Die twee stout priesters is toe daar weg om die ark te gaan haal.

> **Daarop het die manskappe na Silo gestuur, en hulle het die verbondsark van die HERE van die leërskare wat op die gérubs troon, daarvandaan gaan haal; en die twee seuns van Eli, Hofni en Pínehas, was daar by die verbondsark van God.**
> (1 Samuel 4:4 AFR1953)

Wat is fout? Die leiers het God nie geken nie! Waarom nie?
- Die voorbeeld wat die priesters by die tempel gestel het, het die volk nie lewend aan die Here verbind nie.
- Die simbool of teken word vereer in plaas van die HERE self.

Hulle foute kom helder uit in die verkeerde besluite wat hulle neem.
- Hulle glo die ark is God.
- Daarom moet "God" teenwoordig wees in die geveg – die manier waarop dit gestel word, laat dit nogal klink na toorkuns!
- Hierdie afgodsdiens is vir die Filistyne nie vreemd nie – daarom word hulle bang en hulle sê: **God het in die laer gekom.** (1 Samuel 4:7b).

Hofni en Pínehas wat **die HERE nie erken nie** is voorop om die aksie uit te voer
(1 Samuel 4:4).
- Hulle het nie net vir Israel die grense tussen kerk en wêreld laat verdwyn nie.
- Hulle het dit vir die wêreld ook laat verdwyn!
- Die Filistyne en die Israeliete dink eenders oor die Here!

Die HERE hou sy woord – daarom tree sy straf in werking. Eli en sy seuns sterf op dieselfde dag.

Die totale mistasting van al hierdie dinge kom uit in Pinehas se vrou se woorde toe sy haar pasgebore kind *Ikabod* genoem het:

> **. . . maar die seuntjie Ikabod genoem en gesê: Weggevoer is die eer uit Israel—met die oog op die wegneming van die ark van God en met die oog op haar skoonvader en haar man.** (1 Samuel 4:21 AFR1953)

Hoe dikwels gee die wat leiding moet gee, verkeerde leiding – eiewillige leiding.
As dinge dan skeefloop, kry die HERE die skuld.
- Die gevolge is altyd dieselfde – as dit geestelike leiers is, verloor die gelowiges hulle vertroue in die kerk en in die Here.

- As dit ’n volk is, neem korrupsie en wandade toe omdat alle vertroue in die leiers en hulle wetgewing verloor word.

Hierdie Ikabodkind is maar die beeld van ’n Ikabod-mensgeslag. Hy benoem ’n geslag en hulle leiers wat die reg en die wil van God nie volg nie, en wat uiteindelik eerloos ondergaan.

Hierdie kind se naam het ’n lyn van ontwikkeling deur die geskiedenis na die wederkoms toe. Later gebruik die apostel Paulus weer die naam – maar in die beskrywing daarvan:

> **Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.** (Romeine 3:12 AFR1953)

Hier praat die Here van die totale mensgeslag – ons is dus ook ingesluit.

- In ons ontaarding het ons nie aan God se Seun eer gegee toe Hy op sy belofte na ons toe gekom het nie – daardeur het ons Hom aan die grootste denkbare eerloosheid uitgelewer.
- Die Here het nogal voorspel dat ons dit aan die Verlosser sou doen!

  **En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun.** (Jesaja 59:16 AFR1953)

  **Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.**
  (Jesaja 53:5 AFR1953)

So gee die Here vir ons wat bereid is om te glo, ook genade – net soos Hy destyds aan Israel ook genade gegee het.

Die kruisdood van die Here Jesus het nie aan almal onvoorwaardelik die eer van God se teenwoordigheid en inspraak in ons teruggegee nie.

- Hy het dit net gegee vir die wat glo – die wat met smarte en berou uit al die verkeerde dinge in hulle lewens uitbreek en terugkom na God toe.
- Hulle ontvang die eer van die Here Jesus Christus.

Maar die groot ding wat Hy openbaar, staan nog steeds vas: Alle mense (leiers met hulle volke en kerke) wat Hom teëstaan, gaan uiteindelik die eerloosheid van die hel in.

Wat moet ons doen?

Ons moet ons geloof en ons geloofslewe in orde kry.

- Ons moet teen wil en dank instaan vir dit wat reg is – en ons moet dit self doen ook.
- Ons sal veral in ons gesinslewens moet teruggaan na ’n streng eerlike verhouding met God – ’n verhouding wat rus op dinge wat vir God waar is.
- Dit help nie om soos Eli net sagte antwoorde te gee – en dan die lewe sy normale sondige gang te laat gaan nie.

Hierdie stuk geskiedenis openbaar wat die katastrofiese gevolge is van so ’n lewenstyl.

Ons lewe in ’n ander bedeling van God se raadsplan as Eli en sy kinders.

- In sy tyd het hy nog gewag vir die Messias om te kom.
- Ons leef in die bedeling waar God die Heilige Gees oor ons uitgestort is en in ons werk.

Ons leef dus met die volle leiding van God – en ook met die volle genade van die Here Jesus Christus.

Ons kan anders wees as wat die wêreldsgesindes rondom ons is.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 149:1, 2 (p. 715)

1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelinge!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**
**GereformeerdeKerk Bellville**
**Datum: 13 Julie 2008 (oggend)**